SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 7 DESEMBER 2003

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

STIL SLEUTEL

Dit is met ledewese dat ons moet aankondig dat Ray Smith, ZS5RS, op Donderdag 27 November 'n stil sleutel geword het. Toe Ray drie jaar gelede die RAE geskryf het, het hy die hoogste punte in Suid-Afrika behaal. Hy was 'n aktiewe lid van die Durban Amateurradioklub, hy het ook gereeld artikels bygedra vir die CQ Nuusbrief en was ook 'n lid van die SARL. Ons betuig ons meegevoel aan Ursula, Graham, Waine, David en hulle families. Rus in vrede Ray.

(POUSE).

In die nuus vandag:

NUWE ZS REKORD OP DIE 3 sm / 10 GHz BAND

RAADSVERKLARING OOR LISENSIEVEREISTES EN VOORREGTE

SPESIALE GELEENTHEIDSTASIE ZS100FLY

VAKANSIESEISOEN TROPOAKTIWITEIT

INTEGNET

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede.

NUWE ZS REKORD OP DIE 3 sm / 10 GHz BAND

Om 16:15 SAT op Maandag 1 Desember het Ivo Chladek, ZS6AXT, en John Sygo, ZS6JON/p, 'n QSO op die 10 GHz band tussen KG33VV in Krugersdorp en KG46SC naby Polokwane oor 'n afstand van 298,6 km gemaak. Hulle het die

10 jaar oue rekord van 268 km verbeter. 519 verslae is beide kante gegee. Die toerusting aan beide kante was dieselfde, 1W send/ontvangers en 60 sm skottels. Daar is nie lyn van sig tussen die twee punte nie en die tyd is net gekies sonder om te wag vir goeie voortplantingstoestande. 'n Vroeër toets oor 'n afstand van 400 km was onsuksesvol, maar 'n QSO oor die afstand is moontlik onder goeie toestande. SARLNuus wens die twee amateurs geluk met die besonderse prestasie. Knap gedaan!

ZS6UT ONTVANG 160 m DXCC SERTIFIKAAT

Vandat hy in Mei 1995 begin het om DXCC op die 'Top Band' te verwerf, het dit Ed Willers, ZS6UT, 8 jaar geneem om die gesogte DXCC No. 1024 wat op 24 Julie 2003 uitgereik is, te verwerf. Baie geluk Ed!

RAADSVERKLARING OOR LISENSIEVEREISTES EN -VOORREGTE

Na die oproep vir kommentaar op die voorgestelde wysigings aan die lisensievereistes en -voorregte, het die Raad baie e-pos, pakketboodskappe en briewe ontvang waaarin 'n verskeidenheid van menings geopper is. Die Raad bedank almal wat kommentaar gelewer en voorstelle gemaak het. Nadat die kommentaar sorgvuldige nagegaan is, het die Raad die volgende veranderings aan die voorstel gemaak:

1. In plaas daarvan om 'n nuwe ZT-lisensieklas daar te stel, word die HF-voorregte wat aan die ZT toegeken sou word nou aan die ZR-lisensieklas gegee, met insluiting van die huidige ZR-lisensiehouers.

2. Hierdie HF-voorregte word verander om beide die digitale en foontoekennings in die 20, 15 en 10 meter bande te dek.

3. Daar sal 'n alternatief vir die morsekodetoets wees om die ZS-lisensie te verwerf. Dit beteken dat daar verskeie metodes sal wees om die vereistes van die ZS-lisensie na te kom, waarvan een die morsekodetoets sal wees.

4. Die praktiese werkingstoets sal vir al die lisensieklasse afgelê moet word, maar die kandidaat sal dit slegs eenkeer hoef te doen, met opgradering sal dit nie weer nodig wees nie.

Met hierdie veranderings lyk die voorstel as volg:

1. Die ZR-lisenise sal addisionele HF-voorregte met 'n maksimun uitsetkrag van 100 W in die volgende bandgedeeltes bykry:

1,810 - 1,850 MHz; 3,500 - 3,800 MHz; 7,000 - 7,100 MHz; 14,070 - 14,099 en 14,225 - 14,350 MHz; 21,080 - 21,120 en 21,300 - 21,450 MHz; 28,050 - 28,150 en 28,300 - 28,500 MHz.

Om die ZR-lisensie te verwerf sal die kandidaat die Klas A RAE en die Praktise Werkingstoetst moet slaag.

2. Die ZU-lisensie sal dieselfde voorregte in dieselfde bandgedeeltes van die 160, 80, 40 en 10 meter bande hê as die ZR-lisensie, maar met 'n maksimun

uitsetkrag van 20 W. ZU-lisensies sal nie meer voorregte op die 30 en 15 meter bande hê nie. Om 'n ZU-lisensie te kry sal die kandidaat die Klas B RAE en die Praktiese Werkingstoets moet slaag. Die kurrikulum van die Klas B RAE sal verander word om dit 'n intreevlaklisensie te maak, soos die Britse "Foundation License".

3. Die ZS-lisensie behou sy huidige voorregte. Om die ZS-lisensie te kry sal kandidate die Klas A RAE, die Praktiese Werkingstoests en een van die volgede moet slaag:

(a) Die 5 wpm. Morsekodetoets; of

(b) 'n Alternatiewe toets, wat deur die Raad aanvaar is vir hierdie doeleinde, en wat gevorderde kennis of prestasie van amateurradio, hetsy teoretiese of praktise aspekte van amateurradio sal beklemtoon.

Die Raad is besig om na die alternatiewe toets te kyk en sal eersdaags 'n aankondiging hieroor maak.

Hierdie voorstel sal nou aan OKASA voorgelê word. OKASA het aangedui dat hulle kommentaar van die publiek gaan aanvra voordat hulle enige veranderings maak aan die huidige regulasies.

Die Raad glo dat hierdie voorstel goed gebalanseerd is en dat dit verspieël die aspirasies en gevoel van die verskeie sektore van die amateur gemeenskap weerspieël en vra dat alle amateurs hierdie voorstel sal ondersteun.

SPESIALE GELEENTHEIDSTASIE ZS100FLY

Vanaf hierdie naweek sal daar 'n spesiale geleentheidstasie op die lug wees om die 100ste herdenking van kragaangedrewe vlug te herdenk. Die spesiale roepsein ZS 100 FLY sal gebruik word en die stasie sal by verskeie lughawens, historiese monumente, lugskoue en lugvaart gedurende 2004 op al die HF-bande en 2 meter aktief wees. 'n Spesiale versamelaars QSL-kaart sal uitgereik word.

VAKANSIESEISOEN TROPOAKTIWIETEIT

Barry, ZR2DX, rapporteer dat die somertroposeisoen op hande is. Hy is deur die Port Elizabeth BHF-operateurs gevra om dit aan almal bekend te maak dat hulle op die volgende frekwensies gaan luister vir moontlike tropo-openinge nl.: 144,200 HSB; 144,400 FM; 50,200 HSB en 50,400 FM.

Daar is 2 m en 6 m bakens in Port Elizabeth, albei op die Universiteit se toringblok, in ruitblok KF25. Hierdie bakens is op 50,005 MHz en 144,415 MHz. As jy die bakens hoor, gee asseblief 'n roepie!! Daar is 'n klompie FM-alleen stasies op beide 6 en 2 meter in Port Elizabeth en omgewing, so gee 'n roep op FM ook!! Luister uit vir Andre, ZS2AJ, in Grahamstad, KF36 - 'n rare ruitblok, op 6 meter FM, as ook Neels, ZR2ABT, vanaf Gamtoosriviermond op 6 m ESB.

DATUMS VIR DIE VOLGENDE TWEE INTEGNETTE AANGEKONDIG

Die datums van die volgende twee SARL Interaktiewe Tegniese Nette is bevestig. Die eerste INTEGNET sal gehou word op Sondag 14 Desember om 20:00 Sentraal Afrika Tyd en die tweede een op Sondag 18 Januarie 2004.

Op 14 Desember sal die onderwerp van bespreking die Logboek van die Wêreld wees met Chris Burge,r ZS6EZ. Chris Burger is bekend vir sy DX- en kompetisiewerking wat bygedra het tot die ontwikkeling van die sagteware. Hy sal die pakket bespreek, die impak daarvan op amateurradio en hoe Suid-Afrikaanse amateurs daarby kan baat.

Die net sal om 20:00 SAT op 2 meter herhalers regdeur Suid-Afrika en ook op 3 718 kHz HF op die lug wees. Klubs wat hulle herhalers aan die netwerk wil koppel moet 'n versoek stuur aan armi@sarl.org.za en die telefoonnommer wat gebruik gaan word, asook die frekwensie en ligging van die herhaler deurgee.

Die eerste INTEGNET vir 2004 sal op Sondag 18 Januarie plaasvind met Thomas Abbott as die gasspreker oor die onderwerp van Antennas. Maak nou 'n nota van die twee datums, 14 Desember en 18 Januarie.

RADIO ZS

Lede kan nou die nuutse uitgawe van Radio ZS op die SARL webwerf aflaai. Die dokument is 1,4 MG groot en behoort redelik maklik af te laai. Die redakteur is besig met die laaste uitgawe vir 2003 en benodig plaaslike artikels. Dit kan gestuur word aan radiozs@sarl.org.za. Hierdie uitgawe sal teen die einde van volgende week op die webwerf wees.

DIE ZS1SALT UITSTAPPIE

Lede van Boland Amateurradioklub het die naweek van 21 tot 23 November 'n spesiale stasie by die sterrewag oos van Suther-land gaan bedryf.

Vrydagoggend 21 November het 6 Oukêrels naamlik Karl, ZS1KC, Koos, ZS1KWV, Johan, ZU1LR, Martin, ZS1SM, Rassie, ZS1YT, en Deon, ZS1ZL, in Malmesbury bymekaargekom, toerusting gelaai en met twee voertuie na Sutherland vertrek waar Suid Afrika se grootste teleskoop voltooiing nader.

Behalwe vir 'n pap wiel met die karavaan wat Martin en Deon bietjie laat op Sutherland laat aankom het, het die dag voor-spoedig verloop. Olivier, ZS1OLI, en Bennie, ZR1JAD, asook Raoul het met hul eie vervoer so teen sononder by die geno-emde ses man aangesluit.

Johan Scholz, die tegniese man by die teleskoop, het ons ont-vang en plekke toegewys waar ons onsself kon inrig vir 'n kombuis en slaapplekke. Die manne het mekaar die Vrydagaand bietjie leer ken en lekker saamgekuier.

Saterdagoggend is antennas opgerig naamlik 10/20/40 en 80 m omgekeerde Vee's, 15/20 m rigstraler, 10 m rigstraler en 'n 10 element 2 m rigstraler.

Johan Scholz het ons Saterdagnamiddag deur die byna voltooide groot teleskoop geneem en die tegniese werking aan ons uit-gewys. Ons kon ook sien hoe die koepel op 'n lugkussing draai en toe die koepel begin oopmaak, sodat ons die

reen-wolke buite kon sien, was dit die kersie op die koek. Die hele teleskoopprojek is van dieselfde persoon wat die Suid-Afrikaanse Rooivalkhelikopter die lig (en lug) laat sien het.

Die 10, 15 en 20 m-bande het redelik goed gewerk en Olivier het nogal baie DX-stasies gekontak. Party van die kontakte het genoem dat hulle van die projek hier in Suid Afrika weet.

Johan Scholz, sy LV en dogtertjie was Saterdagaand ons gaste en Deon het 'n ete - soos uit van die beste restaurante in die stad - voorgesit.

Sondag het ek (Koos, ZS1KWV) 'n paar oukerels in die Weskaap wat 2 m enkelsybandtoerusting het gekontak en die afstand van 300 km op simpleks gewerk.

Na 'n laat ontbyt vs vroeë middagete het ons die stasie afge-takel die toerusting gelaai en vertrek.

Dit was 'n baie interressante naweek en ek sal oukêrels wat in die omgewing kom aanbeveel om die inligtingskantoor in Sutherland te kontak en te reël om die sterrewag te besoek en bietjie te sien hoe lyk moderne Suid-Afrikaanse tegnologie - so uit die boeke. Groete van Koos, ZS1KWV.

DATUMS OM TE ONTHOU

Laaste dag vir indiening van mosies vir die AJV sowel as nominasies vir Raadslede is nou 5 Januarie 2004. Finale datum vir die hernuwing van lidmaatskap van die SARL is 31 Desember. Integnet 14 Desember; 13 - 14 Desember - die ARRL 10 meter kompetisie; 10 - 11 Januarie 2004 - Hunting Lions on the Air; 23 - 25 Januarie 2004 PEARS BHF/UHF-kompetisie.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur Dennis, ZS4BS, en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX